NUWE REEKS Nr 311
ISBN 1-86854-119-3

# DIE ROL VAN DIE POLITIEKE WETENSKAPLIKE IN DIE WÊRELD VAN DIE POLITIEK

PROF M E MULLER

Universiteit van Pretoria

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# CURRICULUM VITAE: PROF M E MULLER

Marie Eloïse Muller
Departement Politieke Wetenskappe

Professor Muller het aan die Universiteit van Pretoria studeer, waar sy 'n BA-graad (1971), BA Honneursgraad (1972) en MA-graad (1976), almal met lof, behaal het. Sy behaal die graad D Litt et Phil in Politieke Studies in 1991 aan die Randse Afrikaanse Universiteit (Johannesburg).

Sy begin haar loopbaan in 1972 as Navorsingsassistent in die Departement Staatsleer en Internasionale Politiek aan die Universiteit van Pretoria. Vanaf 1973 was sy eers Junior Lektor en daarna Lektor in dieselfde Departement. In Januarie 1975 sluit sy as Lektor by die Departement Politieke Wetenskappe aan die Universiteit van Suid-Afrika aan en vanaf Januarie 1990 word sy tot Senior Lektor bevorder. In Januarie 1996 word sy as Professor en Hoof van die Departement Politieke Wetenskappe aan die Universiteit van Pretoria aangestel.

Marie Muller gee ook lesings aan die Suid-Afrikaanse Lugmagkollege, die Suid-Afrikaanse Verdedigingskollege en by die Suid-Afrikaanse Departement van Buitelandse Sake.

Sy is lid van die Redaksionele Raad van die *Suid-Afrikaanse Jaarboek vir Volkereg* en van die Redaksionele Advieskomitee van *The South African Journal of International Affairs en Politeia*. Sy het 'n boek, 'n korter studie, agt boekhoofstukke en veertien joernaalartikels gepubliseer. Sy was mederedakteur van ses boeke, versamelwerke of konferensiebundels.

Professor Muller is lid van verskeie Suid-Afrikaanse, buitelandse en internasionale vakverenigings en tans Visepresident van die Suid-Afrikaanse Politieke Studies Assosiasie (SAPSA) asook Sameroeper van die Internasionale Studies Groep van SAPSA. Sy was Voorsitter van die Pretoria-tak van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Internasionale Aangeleenthede. Sy is sedert 1992 betrokke by die Nobelpryswennende *Pugwash Conferences on Science and World Affairs* en stig die Suid-Afrikaanse Pugwash Groep. Sy tree in 1995 as rapporteur van 'n werkgroep by die 45ste Pugwash-konferensie in Hiroshima, Japan, op en vroeg in September 1996 as mede-voorsitter van 'n werkgroep by die 46ste Pugwash-konferensie in Lahti, Finland. Sy is mentor vir Suid-Afrika en Sjina vir die *International Association of University Presidents (IAUP)/United Nations Commission on Disarmament Education* en neem aan die jaarlikse

*2295899*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

konferensie van die Kommissie tydens die Nie-regeringsorganisasieforum in Beijing, Sjina in 1995 deel en besoek verskillende universiteite in Sjina. Sy dien op die Adviesraad van die *Centre for the Study of Diplomacy* aan Leicester Universiteit in die Verenigde Koninkryk en is 'n oorsese navorsingsgenoot van die Sentrum.

Sy het reeds aan talle plaaslike en oorsese konferensies deelgeneem en meer as twintig referate gelewer in onder meer Moskou, Heidelberg, Berlyn, Hasseludden (Swede), Kolymbari (Griekeland), Beijing en Nanjing (Sjina), en San Diego (VSA).

Marie Muller is getroud met Mac Jooste en hulle het drie kinders.

Prof J van Zyl
VISEKANSELIER EN REKTOR



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

INTREEREDE VAN PROFESSOR M E MULLER
DEPARTEMENT POLITIEKE WETENSKAPPE
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
DONDERDAG, 26 SEPTEMBER 1996

# DIE ROL VAN DIE POLITIEKE WETENSKAPLIKE IN DIE WÊRELD VAN DIE POLITIEK

**Opsomming:** Drie ordes van die politiek kan onderskei word: die praktiese politiek; die studie van die praktiese politiek en teoretisering daaromtrent; en die besinning oor die teoretiese bedrywighede en die paradigmas onderliggend daaraan. Laasgenoemde twee is die terrein en verantwoordelikheid van die politieke wetenskaplike.

Verwar die politieke wetenskaplike sy verantwoordelikhede met of skeep hy dit ten behoewe van die praktiese politiek af, verloor hy sy wetenskaplikheid en uiteindelik sy bestaansreg. Ignoreer hy die probleme en eise van die eerste orde, word hy irrelevant en skaars hulpbronne word nie aan hom toebedeel nie sodat hy sy funksie uiteindelik nie meer kan voortsit nie. Konsentreer hy slegs op die tweede orde en besin nie ook oor sy teoretiese bedrywighede en sy aannames nie, is hy soos 'n reisiger wat sonder padkaart of bewustheid van alternatiewe roetes en hul implikasies, koers na 'n bestemming inslaan. Raak hy daarteenoor té betrokke in die derde of metateoretiese orde, word hy van die ware onderwerp van sy vakgebied, die praktiese politiek, vervreem.

Ooglopend is die uitdaging geleë in die soeke na balans. Die implikasies hiervan vir die Suid-Afrikaanse politieke wetenskaplike binne nasionale en internasionale konteks, word ondersoek en die ontplooiing van veral die Internasionale Politiek as dissipline, bespreek.

**************************

Drie ordes van die politiek kan onderskei word: die praktiese politiek; die studie van die praktiese politiek en teoretisering daaromtrent; en die besinning oor die teoretiese bedrywighede en die paradigmas onderliggend daaraan (vergelyk Gunnell 1981:459-60). Laasgenoemde twee is die terrein en verantwoordelikheid van die politieke wetenskaplike.

Hierdie onderskeid laat onmiddellik die vraag ontstaan na die invloed



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

wat die een orde op die ander kan of behoort te hê. Die volgende vrae is onder meer hierin opgesluit:

- Kan en behoort die politieke wetenskaplike in sy teoretiseringsaktwiteite hom deur die praktiese politiek laat beïnvloed en wat is die implikasies hiervan?
- Kan en behoort die politieke wetenskaplike in sy teoretiseringsaktiwiteite 'n invloed op die praktiese politiek uit te oefen, en wat is die implikasies hiervan?
- Kan en behoort die politieke wetenskaplike oor sy eie teoretiese bedrywighede en die paradigmas onderliggend daaraan te besin, en wat is die implikasies hiervan?

In hierdie voordrag wil ek merendeels op die eerste twee van hierdie drie vrae fokus, hoewel ek ook opmerkings in die verbygaan oor die derde vraag sal maak. Ek wil die beantwoording van hierdie vrae na die Suid-Afrikaanse konteks deurtrek en in die besonder met die ontplooiing van die Internasionale Politiek as dissipline in verband bring.

*****

In 'n onlangse artikel in die tydskrif van die *British International Studies Association (Review of International Studies*, Julie 1996) getitel: *Truth and power, monks and technocrats: theory and practice in international relations*, maak William Wallace die volgende stellings rakende die verhouding tussen die politieke wetenskaplike en die wêreld van die praktiese politiek:

> The study of international relations is not an innocent profession. It is not like the classics, or mathematics, an abstract logical training for the youthful mind. The justification for the place it has gained in the university curriculum rests upon utility, not on aesthetics. The growth of the social sciences in Western universities in the past century, and their remarkable expansion over the past thirty years, has been based upon their perceived contribution to better government, in the broadest sense. The forever explosive relationship between social science and public policy has been embedded in the discipline of International Relations from the outset.

Hierdie stellings kan ook breedweg op die ander politieke wetenskap, die Staatsleer, toegepas word: die oorgrote meerderheid politieke denkers het deur die eeue in hul werke op politieke omstandighede van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

hul tyd gereageer en was dikwels besig om na oplossings vir praktiese probleme te soek. Met die opkoms van die behaviouralisme in die vyftigerjare is die gedagte egter gepropageer dat die studieveld nie net meer 'wetenskaplik' gemaak moet word nie, maar ook dat afstand tussen die wetenskap en die praktiese politiek en beleidmaking geskep moes word. Dit het beteken dat die toets vir 'goeie' politieke teorie wetenskaplike 'nougesetheid' was en nie soseer relevansie tot die probleme van die tyd nie (Graham & Carey 1972: 14). Hierdeur, het die behaviouraliste gedink, sou hul wetenskap waardevry en objektief wees. Vanuit 'n metateoretiese oogpunt beskou was dit egter nie die geval nie. Ook die mees nougesette behaviouraliste het hul eie politieke ervaringe en die konteks waarbinne hulle gewerk het, die wetenskap binnegedra en het dit 'n stempel op hul onderliggende aannames afgedruk.

Die vestiging van Internasionale Verhoudinge of dan Internasionale Politiek - om die enger formulering te gebruik - was in die besonder 'n reaksie van liberale optimiste of idealiste (veral in Brittanje en die Verenigde State van Amerika) op die Eerste Wêreldoorlog (Wallace 1996: 302). Hulle het gehoop om deur opvoeding en inligting beredeneerde debat in die politiek en in beleidmaking in te bring.

Daarna is die dissipline se ontwikkeling ook verder gevorm deur die stormagtige Europese internasionale politiek van die twintiger- en dertigerjare, deur die Tweede Wêreldoorlog, en daarna en tot aan die einde van die sestigerjare, deur die persoonlike maar uiteenlopende ervarings van persone wat deur die oorlog geraak is. Hierdie was naamlik die mense wat die akademiese sy van Internasionale Verhoudinge in hierdie periode oorheers het (Wallace 1996: 302).

Die geslag wat in die sestigerjare deur universiteit beweeg het en tans bo aan die professie in veral die VSA staan, is ook deur húl uiteenlopende reaksies op onder meer kernafskrikking, die rol van die VSA in die wêreldpolitiek, en die Vietnamoorlog beïnvloed.

Die opkomende geslag wat nou deur hul voorgraadse en nagraadse opleiding beweeg, kry hul skoling ook teen die agtergrond van húl besondere ervaring van 'n wêreld waarin die Koue Oorlog geskiedenis is en waarbinne die sentrale paradoks in die internasionale politiek voorsien word deur, aan die een kant, 'n proliferasie van nuwe state wat almal op soewereiniteit aanspraak maak en, aan die ander kant, toenemende getuienis van die inherente swakheid en onvermoë van state



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

(Wallace 1996: 302).

Die feit dat die wetenskaplike onvermydelik sy persoonlike ervarings die wetenskap indra deur die vormende invloed wat dit op sy onderliggende aannames het, word vandag deur weinig sosiale wetenskaplikes ontken. Dit het ook aanleiding gegee tot die sogenaamde 'identiteitstudies' (Carlsnaes & Smith 1994: 223-237; Neack, Hey & Haney 1995: 167-186) en verteenwoordig juis 'n poging om hierdie invloed te konfronteer en in die wetenskap te verreken.

In Suid-Afrika het elke geslag politieke wetenskaplikes natuurlik hul eie, uiteenlopende, politieke ervaringe die vakgebied ingebring. In die omstandighede waarin ons ons ná die politieke oorgang bevind, naamlik waar persone met selfs lynreg teenoorgestelde politieke ondervindings nou saam binne die wetenskap werk, behoort hierdie feit liefs erken, konfronteer en doelbewus verreken te word as om dit te probeer ignoreer. Dit is veral van belang in die onderrigfunksie aan ons universiteite en noodsaaklik indien ons nie verset en verdeeldheid wil kweek of perpetueer nie. Ek kom later hierna terug.

Voorgaande opmerkings onderstreep die belang van metateoretiese aktiwiteite, met ander woorde besinning oor teoretiese bedrywighede en die paradigmas onderliggend daaraan. Indien die politieke wetenskaplikes nie ook hier aktief is nie, sal hulle moontlik onbewus wees van die uitwerking wat die praktiese politiek *onbewustelik* op teoretisering het. Verder sal hulle in hul verdere teoretiese bedrywighede soos reisigers wees wat sonder padkaart of bewustheid van alternatiewe roetes en die implikasies daarvan, koers na 'n bestemming inslaan (vergelyk Holsti 1991: 3).

Daarteenoor moet politieke wetenskaplikes egter nie oorbetrokke by die derde-orde raak nie. Dit kan daartoe lei dat hulle uiteindelik algeheel van die ware onderwerp van hul vakgebied vervreem word deurdat hulle hul uitsluitlik met 'esoteriese' kwessies besig hou. Dit is op grond hiervan wat kritiek meestal op die derde orde van die politiek uitgespreek word en waarom dit al as 'n 'doodloopstraat' beskryf is (vergelyk Skocpol 1987: 10-12).

*****

Voordat ek in meer besonderhede ingaan op die verhouding wat die politieke wetenskappe en veral die Internasionale Politiek met die wêreld van beleid en praktyk behoort te hê, net 'n paar opmerkings oor



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

terminologie en oor die stand van en die aanbieding van die politieke wetenskappe in Suid-Afrika.

Aan hierdie Universiteit, asook aan die Universiteit van Suid-Afrika en die Potchefstroomse Universiteit, word die benaming Internasionale Politiek gebruik. Aan al drie hierdie universiteite word die vak naas Staatsleer, maar binne 'n enkele departement aangebied. Aan die Universiteit van die Witwatersrand word *International Relations* in 'n afsonderlike departement gehuisves. Die meeste ander universiteite - byvoorbeeld Stellenbosch en die Randse Afrikaanse Universiteit - bied Politieke Studies aan, waarbinne beide die nasionale en internasionale aspekte van die politiek aandag kry. Dit is nie soseer 'n miskenning van die selfstandigheid van die Internasionale Politiek nie, maar 'n praktiese oplossing vir probleme wat deur 'n proliferasie van vakke geskep word.

Die benaming 'Internasionale Politiek' kan gebruik word om 'n enger fokus as 'Internasionale Verhoudinge' aan te toon. Laasgenoemde fokus op alle verhoudinge of interaksie oor staatsgrense heen, terwyl eersgenoemde net die *politieke* interaksie as onderwerp het. In werklikheid word die onderskeid, vir goeie rede, nie altyd gehandhaaf nie. Daar is byvoorbeeld weinig verskil in fokus tussen dit wat hier, aan UP, as Internasionale Politiek aangebied word en dit wat Wits as *International Relations* aanbied. In die vakliteratuur, plaaslik en internasionaal, word ook geen waterdigde of konsekwente onderskeid gehandhaaf nie en word die terme dikwels taamlik losweg en uitruilbaar gebruik.

Politiek, op sowel huishoudelike of nasionale as internasionale vlak, maak die 'bo-struktuur' van die samelewing uit. Dit is die aktiwiteitsveld waarbinne oor die ander samelewingsaktiwiteite beslis word, met ander woorde waar die 'gesaghebbende toewysing van waardes geskied of bepaal word '*who gets what, when and how*'. Daarom het dit in werklikheid nie 'n 'substansie' van sy eie nie. Dit het uiteindelik - minstens potensieel - met alle ander aktiwiteitsvelde of 'substansies' van die samelewing te make. Die internasionale politiek kan dus nooit werklik van die ander aspekte van internasionale verhoudinge geskei word nie.

Deur op die 'politieke' aspekte klem te lê, mag 'n skerper fokus as 'verhoudinge' impliseer, maar uiteindelik nie 'n ander studieveld nie. Dit word onder meer onderstreep deur die 'herintegrasie' van ekonomie by



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

politiek soos weerspieël in die invoeging van die internasionale politieke ekonomie as spesialiteitsgebied binne die dissipline Internasionale Politiek. (In die Internasionale Politieke Ekonomie word spesifiek op die wisselwerking tussen politiek en ekonomie gelet.)

In die lig van die voorgaande is dit dus onproblematies om eenvoudig Internasionale Politiek en Internasionale Verhoudinge as wisselterme te gebruik.

Heelwat werke verskyn die afgelope aantal jare waarin die ontwikkeling van die Internasionale Politiek as vakgebied in oënskou geneem word, die stand van die dissipline oorweeg en oor die implikasies van dit alles besin word. Lapid (1989: 236-237) beskryf dit as die derde groot debat in die Internasionale Politiek en beskou dit as veel meer grondig as die vorige twee wat volgens hom primêr oor eng metodologiese vrae gehandel het en nooit die staatsentriese vertrekpunt bevraagteken het nie. (Die eerste debat was dan dié tussen die realiste en die idealiste, en die tweede dié tussen die behaviouraliste en die tradisionaliste (Booth & Smith 1995: 14-15; 21).) Die derde debat kan geïnterpreteer word as dat dit nie net 'n weerspieëling is van die groot diversiteit waardeur die vakgebied nou gekenmerk word, maar ook dat dit op 'n sekere 'volwassenheid' van die vak dui (Muller 1994: 20). Dit verleen 'n definitiewe eie identiteit daaraan.

Die Internasionale Politiek word vandag allerweë as 'n selfstandige vak behandel, hoewel die Staatsleer dikwels nog as die 'moederdissipline' daarvan beskou word en sommige teoretici sal beweer dat die skeiding tussen die twee politieke wetenskappe juis deur nuwe teoretiese ontwikkelinge afgetakel kan word. Ek wil nie hier op dié interessante kwessie ingaan nie, want dit sal my wegneem van die meer praktiese inslag wat ek aan hierdie lesing wil gee.

Benewens die feit dat die Internasionale Politiek allerweë as vakgebied in eie reg behandel word, is dit vandag oënskynlik 'n groei-area in vergelyking met Staatsleer (*Political Science*). Aan Europese en Noord-Amerikaanse universiteite - so word aan my berig - meld meer en meer studente hul nou vir hierdie studierigting aan (vergelyk ook Wallace 1996: 303). In Suid-Afrika wend politieke wetenskaplikes hul ook toenemend tot dié veld. Ter illustrasie kan gemeld word dat vir die komende navorsingscolloquium van die **Suid-Afrikaanse Politieke Studies Vereniging (SAPSA),** daar minstens net soveel onderwerpe op hierdie terrein in die voorlopige program aangedui word as op die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

gebied van die Staatsleer. Laasgenoemde was vroeër die hooffokus van die Vereniging en was daar vir baie jare meestal net 'n behoefte aan enkele panele om aanbiedinge oor die Internasionale Politiek te akkommodeer.

In die wêreldkonteks en in Suid-Afrika kan tendense uitgewys word wat waarskynlik hierdie neiging ten gunste van die Internasionale Politiek as vakgebied aanhelp. Prosesse van 'globalisering' oftewel 'n sogenaamde 'kleinerwordende wêreld', werk waarskynlik groter belangstelling in en noodsaak vir kundigheid oor die internasionale politiek in die hand. In Suid-Afrika is herintegrasie na 'n tydperk van omvattende isolasie van die buitewêreld 'n bykomende faktor.

Hierdie groeiende belangstelling en behoefte aan kundigheid het die uitbreiding, met effek vanaf 1997, van Internasionale Politiek aan UP na 'n volwaardige driejarige hoofvak ten grondslag gelê. (Ek was terloops van plan om in hierdie rede 'n pleidooi hiervoor te lewer, maar die Dekaan en die betrokke universiteitsliggame het nie soveel oorreding nodig gehad nie en is die uitbreiding reeds 'n aantal weke gelede goedgekeur.)

Ek wil ter afsluiting van die opmerkings oor terminologie en die stand van en die aanbieding van die politieke wetenskappe in Suid-Afrika, net beklemtoon dat die pleidooi vir die belang van Internasionale Politiek geensins bedoel is om afbreuk te doen aan die belang en plek van die Staatsleer nie. Dit is wel so dat, soos Kant 200 jaar gelede gesê het, die internasionale eintlik moet voorgaan aangesien die goeie lewe tuis nie bereik kan word nie alvorens die wêreld sigself van internasionale konflik vrywaar nie (soos aangehaal in Booth & Smith 1995: xii)!

Veral in die Suid-Afrikaanse konteks het die Staatsleer, die studie van die huishoudelike politiek, steeds 'n besondere relevansie en 'n belangrike rol om te speel. Die vraag kan egter gevra word of die benaming 'Staatsleer' in Afrikaans, gegewe die inhoud wat aan die vak gegee word, steeds ewe toepaslik as vroeër is. Die Engelse benaming 'Political Science' het nooit die implikasie van 'n eksklusiewe fokus op die staat as instelling gehad nie en weerspieël veel beter die dinamiese politieke prosesse en verskynsels wat reeds dekades lank deel van die vakgebied uitmaak. Die vraag is of 'n verandering, in Afrikaans, van Staatsleer na Politieke Wetenskap tot verwarring met die naam van die departement, Departement Politieke Wetenskappe, aanleiding sou gee. 'n Moontlike oplossing sou dan wees om laasgenoemde na



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

'Departement Politieke Studies (*Department of Political Studies*) of selfs 'Departement Politiek' (*Department of Politics* of *Politics Department*), soos in 'Departement Ekonomie', te verander.

*****

Die vraag waarna ek nou wil terugkeer, naamlik die mate waarin die wetenskaplike van die daaglikse, praktiese politiek kan losstaan, is geen nuwe een nie. In die Staatsleer was dit kenmerkend van die era toe die postbehaviouraliste gepleit het vir die 'herpolitisering' of relevansiëring van die vakgebied. Die reaksie van die postbehaviouraliste kan onder meer toegeskryf word aan die onstuimigheid in die Amerikaanse politiek in die 1960's en wat, soos politieke onstuimigheid gewoonlik doen, die teorieë omgekrap en die aannames omver gewerp het van 'n wetenskap wat die Amerikaners oorheers het (Graham & Carey 1972).

Die historiese politieke veranderinge van die laat tagtiger- en vroeë negentigerjare op die wêreldtoneel, wat 'n algehele transformasie van die bipolêre internasionale politieke stelsel geïmpliseer het, het dieselfde vir die vakgebied Internasionale Politiek gedoen. Dit was dus onvermydelik dat herbesinning moes volg (vergelyk Mueller 1995).

Die mate waarin die vak onverhoeds betrap is deur die transformasie van die internasionale politiek, word op ligte noot geïllustreer deur 'n verhaaltjie wat 'n Britse kollega aan my vertel het. Die storie lui so: In die middeltagtigerjare was 'n sekere jong doktorale student besig met 'n proefskrif onder 'n ervare en erkende professor aan 'n hoogaangeskrewe universiteit. Die tesis het gehandel oor die ontwikkeling van die internasionale politieke stelsel en het klaarblyklik nie 'n baie deeglike teoretiese begronding in die dissipline gehad nie. In die gevolgtrekking het die kandidaat 'n toekomsscenario geskets en voorsien dat die Berlynse muur afgetakel sou word, die twee Duitslande sou verenig, die USSR sou verbrokkel en die inskakeling van Rusland by NAVO in verskeie kringe bespreek sou word.

Verontwaardig het die professor sy student ingeroep en aan hom gesê: 'Jong man, jy is duidelik nie vir hierdie beroep uitgeknip nie. Ek stel voor dat jy 'n ander loopbaan oorweeg, byvoorbeeld in die teater. Alternatiewelik kan jy begin dig of wetenskapsfiksie skryf.

Die jong man het daarop sy tesisskrywery laat vaar en elders 'n heenkome gaan soek.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Enkele jare later het die professor die jong man dringend probeer opspoor ten einde hom 'n betrekking aan die beroemde universiteit waar hy self werksaam was, aan te bied. Die jong man is egter steeds soek en daarmee saam die antwoord op die vraag: hoe het hy dit reggekry?

'n Mens moet die professor waarskynlik dít ter ere nagee dat hy aan ander die verhaal vertel het! Die feit is natuurlik dat dit met enigeen kon gebeur het en dat dit juis nie op die persoon nie, maar op die feitlik ingeboude onvermoë van die dissipline om sulke vinnige en radikale verandering te kan voorsien, slaan.

Hierdie vinnige en radikale transformasie het dus, soos reeds gemeld, tot herbesinning gelei. Die herbesinning raak ook die verhouding tussen die politieke wetenskaplike en die wêreld van die praktiese politiek.

Dit wil voorkom asof die debat soos dit tans in Europa en Noord-Amerika gevoer word oorwegend handel oor die *graad* van verwydering, eerder as algehele afsondering tussen wetenskap en politiek (Wallace 1996: 302). Daar word dus aanvaar dat die studie van die internasionale politiek nooit 'n 'onskuldige professie' kan wees nie. 'n Wetenskap wat die probleme en eise van die praktiese politiek ignoreer loop die gevaar om irrelevant te word en, vanuit 'n praktiese oogpunt gesien, sal skaars hulpbronne nie daarvoor beskikbaar gemaak word. Uiteindelik sal die wetenskaplike dus nie sy funksie kan voortsit nie.

Aan die ander kant moet politieke wetenskaplikes daarteen waak om nie hul verantwoordelikheid vir teoretisering - vir die tweede en derde ordes van die politiek, dus - ten behoewe van die praktiese politiek af te skeep of om oormatig dienstig aan politieke belange te word nie. Dit sal weer beteken dat hulle hul 'wetenskaplikheid' sal prysgee en sodoende uiteindelik ook hul bestaansreg sal verloor. Die uitdaging is dus in gesonde balans geleë; die vraag is egter onmiddellik wat presies beteken 'gesonde balans'?

Die lot van die politieke wetenskaplike, soos dié van meeste sosiale wetenskaplikes en baie natuurwetenskaplikes, is onlosmaakbaar verbind aan die lot van die universiteit as instelling. Die debat oor die rol van die wetenskaplike kan dus nie geskei word nie van die debat, wat tans wêreldwyd - in Noord-Amerika, Europa, Afrika en elders - gevoer word, oor die rol van die universiteit as instelling binne die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

gemeenskap. Laasgenoemde is egter 'n wydlopende en multidimensionele debat, té wyd om hier volledig aan te spreek. Slegs enkele aspekte wat direk met die taakvervulling van die politieke wetenskaplike verband hou, kan uitgelig word.

Die gedagte is om hierdie debatte spesifiek na Suid-Afrika deur te trek. Die situasie hier is, vanweë historiese ongelykhede en kultuurverskille, nog meer kompleks as in baie ander wêrelddele. Desnieteenstaande is daar heelwat by gesprekke elders te leer.

Lees 'n mens byvoorbeeld Peter Emberly se onlangse werk oor die Kanadese universiteitswese, getitel: *Zero tolerance: hot button politics in Canada's universities,* glo 'n mens plek-plek dat jy midde in die Suid-Afrikaanse debat is. Dieselfde vraagstukke - toegang, inklusiwiteit, deursigtigheid, aanspreeklikheid, relevansie, akademiese vryheid, etnosentrisme - kom telkens ter sprake. Suid-Afrika is nie so uniek as wat ons geneig is om te dink nie.

Emberly pleit, soos wat ek reeds gedoen het, vir 'n bietjie balans in wat hy '*the most important debate of the century*' noem (Emberly 1996: 15). Hy wys daarop dat die Kanadese universiteitswese voor 'n vurk in die pad staan, moontlik 'n punt waarheen hul nooit weer kan terugkeer nie, en dat die besluite wat hulle maak in die hieropvolgende dekade, epogmakend in betekenis sal wees. Die oomblik van keuse behels altyd beide gevaar en geleentheid en indien die verkeerde keuse gemaak word, sal Kanada eenvoudig nie meer gelyke deelnemers in die voortgaande vernuwing van wêreldkultuur wees nie (Emberly 1996: 14 & 20). Verandering van die bestaande moet kom, maar die regte verandering. Daar is by my min twyfel dat hierdie stelling eweseer vir Suid-Afrika geldig is.

Wallace (1996: 318) se pleidooi is ook vir balans:

The choice is not between an uncritical commitment to power or anunvarnished commitment to truth; it would be to abandon our intellectual responsibilities *either* to turn our university departments into enclosed communities *or* to convert theim into contract research consultancies for whatever government is in power. The exact point of balance chosen betweendetachment and engagement will necessarily depend on personal judgement, within the context of individual assessments of the nature of the polity - its openness to outside criticism, or its resistance to (even resentment of) advice and criticism - and the



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

importance of the issues at stake.

Beide Wallace en Emberly beklemtoon die verantwoordelikheid wat die politieke wetenskaplike/akademikus teenoor die gemeenskap het. Dit is die teenkant van die vryheid wat die gemeenskap aan die wetenskaplike/akademikus moet gun ten einde hom of haar in staat te stel om sy of haar funksies, wat anders as dié van die politikus is, na behore te kan vervul. Die essensiële karakter van die universiteit moet behoue bly, maar die wetenskaplike het ook 'n teenprestasie vir akademiese vryheid te lewer.

Wallace (1996: 305) sê byvoorbeeld:

We owe a duty of constructive and open criticism: to speak truth to power, not to hide our knowledge in obscurely erudite terminology, nor to lose ourselves in scholastic word games, nor to speak truth in secret only to each other.

Volgens Emberly (1996: 274) is akademiese vryheid '*...the privilege to cultivate understanding and critical judgment without fear of reprisal, the means and results of which will be seen from the outside as controversial and uncomfortable. Yet, from the apparently useless and irrelevant exercise of academic freedom are generated by-products that society will find useful*'.

Akademiese vryheid is veral vir die politieke wetenskaplike, wat per definisie met sake na aan die hart van politici handel en wat, soos vroeër uitgewys is, alle samelewingsterreine en daarom baie verskillende belange kan aanraak, van die grootste belang. Dit noodsaak egter ook 'n verantwoordelikheid en moet daarom altyd die binne die perke van goeie smaak en op 'n wyse wat gepas binne die betrokke tydvak is, uitgeoefen word (Emberly 1996: 274). Sensitiwiteit is dus nodig, maar blote politieke korrektheid moet vermy word.

Hoewel die politieke wetenskaplike steeds gelei moet word deur die grondbeginsel, naamlik die bydrae wat hy tot beter regering kan en moet maak, en die besondere probleme van sy tyd dus nie sy aandag mag vryspring nie, moet hy ook weerstand bied teen pogings om hom in 'n intellektuele drukgang (*straightjacket*) in te dwing.

In die nuutste uitgawe van die Nuusbrief van die *British Association of International Studies* (Julie 1996) wys Adam Roberts van Oxford



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Universiteit op die gevare van wat hy as só 'n tendens in die Verenigde Koninkryk beskou. Die belangrikste befondsingsliggaam vir nagraadse studie en akademiese navorsing dáár het naamlik gedurende 1995 'n lys navorsingsprioriteite bepaal en Roberts protesteer dat sodanige lys in té hoë mate politieke prioriteite en/of die intellektuele modes van die dag mag weerspieël. Dit beteken dat met navorsing binne die vakgebied in die rigting van 'sentrale beplanning' beweeg word, 'n proses vol risiko's en kostes vir sowel wetenskap as gemeenskap (Roberts 1996: 5).

Hoewel die vakgebied, Internasionale Politiek, soos vroeër deur die verhaal van die jong doktorale student geïllustreer, nie die historiese veranderings wat 'n einde aan die Koue Oorlog gebring het voorsien het nie, was dit minstens nie uitsluitlik besig met navorsing op temas wat deur die Koue Oorlog en die 'nasionale belange' van bepaalde state binne daardie konteks, verband gehou het nie. Soos Roberts (1996: 4) dit stel:

If thematic priorities had been drawn up in the Cold War, how much room would they have left for aspects of work done at the time in IR departments in Britain: for example on the full range of theories of IR, on the UN, on defensive defence, and on the history of nationalism and of national self-determination?

Hoewel relevansie dus belangrik is, moet daarteen gewaak word dat 'n verandering in omstandighede eenvoudig die vrugte van die politieke wetenskaplike se arbeid irrelevant of selfs betekenisloos kan maak. Daar moet nog altyd 'n plek wees vir basiese navorsing wat op grond van die logika van die wetenskaplike proses eerder as net die voorskrif van tydsgebonde relevansie aangepak word. Dit is vir die politieke wetenskaplike belangrik om 'n langtermyn perspektief te behou en steeds besorg te wees oor kwessies van fundamentele oorsaaklikheid (Wallace 1996: 321). Anders verval die vakgebied eenvoudig in 'n polities-korrekte of, ten beste, sake-van-die-dag, joernalistieke modus (vergelyk Wallace 1996: 302).

In die Suid-Afrikaanse konteks moet die Internasionale Politiek as vak benewens kontemporêre en relevante temas soos migrasie, wapenhandel, handel in verdowingsmiddels en internasionale georganiseerde misdaad, die ontwikkeling van streeksamewerkingsmeganismes, soos SADC, en dies meer, ook toegelaat en aangemoedig word om navorsing te doen oor meer grondige kwessies soos die kon-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

sep 'nasionale belange' (vergelyk Weldes 1996), hoe dit met 'n 'globale belang' versoen kan word, en wat dit vir Suid-Afrika sou beteken. Die meeste debatspunte wat tans rakende Suid-Afrikaanse buitelandse beleid aandag geniet, kan uiteindelik alleenlik sinvol gevoer word op basis van sodanige navorsing. Dít het telkens na vore gekom in die onlangse werkwinkel wat deur die Departement van Buitelandse Sake by Randburg gehou is ten einde insette rakende Suid-Afrikaanse buitelandse beleid te kry.

Hier steun ek dus ook Mervyn Frost in sy betoog dat normatiewe teorie sentraal in Internasionale Politiek as vak moet staan (1996: 1). Aangesien normatiewe teorie egter altyd 'n empiriese basis het, moet deeglike, noukeurige en 'eerlike' empiriese navorsing nie afgeskeep word nie. By verskeie geleenthede en deur verskeie persone, is in die onlangse tyd opgemerk hoe ver die data oor kwessies soos onwettige immigrasie en die omvang van die probleem van handwapens in Suid-Afrika, tekortskiet om ingeligte beleidsbesluite moontlik te maak.

Politieke wetenskaplikes moet nooit uit die oog verloor dat, soos Wallace (1996: 318) dit stel: '*...our theories and concepts, when they are accepted by significant audiences in terms of size or influence, help to shape the world which we study'*. Indirek en soms meer direk, kan politieke wetenskaplikes in Suid-Afrika meer invloed hê as wat hulle altyd van bewus is of waarvoor hulle self graag verantwoordelikheid wou aanvaar. Hoewel dié wetenskaplikes dus nie gewoond is om aan die vrugte van hul arbeid te dink as iets wat werklik die welsyn van die mensdom nadelig kan beïnvloed nie en hulle meestal van die uitgangspunt uitgaan dat hulle ook nie verantwoordelik is vir dit wat met hul 'produkte' gedoen word nie, kan dit 'n kortsigtige en onverantwoordelik houding wees.

Politieke wetenskaplikes in die algemeen, maar ook in Suid-Afrika, kan iets leer by sommige van die kernfisici wat by die ontwikkeling van die kernbom betrokke was en wat, hoewel hulle te laat was om die gebruik daarvan teen Japan aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog te verhoed, tog daarna aktief betrokke geraak het om die verdere gebruik, die toetsing en selfs net die dreigement van die gebruik van kernwapens, te probeer voorkom. Ek verwys hier in die besonder na die *International Physicians for the Prevention of Nuclear War* en die *Pugwash Conferences on Science and World Affairs* wat onderskeidelik in 1985 en 1995 die Nobel Vredesprys toegeken is (vergelyk *Disarmament Times*, Januarie 1996). Laasgenoemde beweging het



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

vandag veel wyer uitgekring en sluit inderdaad 'n wye verskeidenheid wetenskaplikes, ook 'n paar politieke wetenskaplikes, in.

Die Internasionale Politiek as vakgebied, in die besonder, bevind hom in 'n tydvak in die geskiedenis waar 'n groter invloed as normaalweg moontlik is: die internasionale politiek is nou baie vloeibaar en veranderlik en dit is dus makliker om deur ons navorsing alleen, 'n betekenisvolle invloed uit te oefen. Ons kan 'n invloed uitoefen op hoe die kaart van die wêreld daaruit gaan sien déúr hoe ons dit teken (Desai & Redfen 1995: 1; kyk ook: Anderson, Brook & Cochrane 1995; Falk 1995).

Netsoos die Europese vakkundiges vandag veel meer daarvan bewus is dat hulle hul eie navorsingsagendas moet hê en nie blindelings hul Noord-Amerikaanse eweknieë moet navolg nie (vergelyk Carlsnaes & Smith 1994; Wallace 1996), moet Suid-Afrikaanse vakkundiges in samewerking met ander Afrika vakkundiges ook 'n eiesoortige stempel op die wetenskap afdruk. Dit beteken nie dat die wetenskap, soos ons hom ken en wat oorwegend in Europa en later grootliks in Noord-Amerika ontwikkel het, oorboord gegooi moet word om met 'n 'Afrika wetenskap' vervang te word nie. In die 'globaliserende' wêreld waarin ons leef is dít net nie 'n realistiese of verstandige opsie nie. Daar moet egter voortgebou word op die baie wat goed en bruikbaar in die Amerikaanse of Eurosentriese wetenskap is en daartoe toegevoeg word. Ons navor-singsagendas moet dan veral die Afrikakonteks weerspieël en ons leerplanne moet ook meer inklusief gemaak word.

Emberly (1996: 271-273) lewer 'n pleidooi vir meer inklusiewe universiteite in Kanada. Hy verduidelik dat die universiteit as instelling juis op universaliteit aanspraak maak, met ander woorde die teenpool van parogialisme en provinsialisme. 'Inklusiwiteit' moet egter veel meer as blote sosiologiese verteenwoordiging van geslag, ras, etniese groep of 'lewenstylverskille' wees. Dit moet openheid vir die volle verskeidenheid van intellektuele opsies impliseer.

Inklusiwiteit moet ware intellektuele diversiteit behels, sodat 'die pluraliteit van stemme wat die menslike koor uitmaak, aangemoedig sal word' (Emberly 1996: 272). Dit sluit nie alleenlik nie, maar ook feministiese perspektiewe in die politieke wetenskappe in. Ons moet *nie,* soos die kartograwe van ouds, groot dele van die intellektuele kaart net deurhaal met die woorde '*here be dragons*' (Desai & Redfen 1995: 1) nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

In die Suid-Afrikaanse konteks is dit selfs meer belangrik dat die Westerse, die Afrika en ander erfenisse met betekenis vir die politiek, in ons wetenskap en universiteite neerslag vind. Ons moet nie afstand doen van wat ons tot dusver geken het nie, maar daartoe toevoeg. Op dié wyse kan nie net verskillende politieke ervarings nie, maar ook verskillende erfenisse en kulture sinvol byeengebring word.

Die akademiese debat oor die 'goeie lewe' en hoe dit bereik kan word moet dus nie verander word om by die nuwe politieke omstandighede aan te pas nie, maar moet uitgebrei word om erkenning te gee aan standpunte wat nie vroeër gehoor is nie. Sodoende kan die politieke wetenskappe 'n besondere bydrae tot versoening in Suid-Afrika maak, terwyl dit terselfdertyd juis getrou bly aan die beginsel van universaliteit in ons onderrig en in ons navorsing.

Netsoos Suid-Afrika ideaal geplaas is om 'n skakel te wees tussen politieke groeperinge in die wêreldpolitiek, is die politieke wetenskaplike in Suid-Afrika goed geplaas om verskillende strominge en 'etnosentrismes' in die wetenskap met mekaar in verband te bring. Suid-Afrikaanse politieke wetenskaplikes moet dus tot die globale debat toetree met 'n besliste eie stem, 'n stem wat self ook deur diversiteit en inklusiwiteit gekenmerk word. Waar die eie stem nog nie bestaan nie, of nog nie inklusief is nie, moet ons deur ons navorsing en, in die langer termyn, ons onderrig, daaraan iets doen.

In hierdie proses behoort ons beter in staat te wees om individue te vorm wat nadenkend, gekultiveerd en verbeeldingryk is en wat ingeligte kritiek kan uitspreek. Ons moet sodoende poog om burgers te lewer wat politiek beskou as 'n eerbare onderneming gemik op die openbare 'goed' en nie bloot op die bevordering van belange nie. Verder kan ons ook nog intellektuele en geestelike ontdekkingsreise stimuleer wat betekenis en doelgerigdheid sal bring (Emberly 1996: 277). Terwyl ons dus beroepsgerigte onderrigprogramme ontwikkel, wat baie belangrik is, moet ons hierdie dinge nie nalaat nie.

Uiteindelik kan ons egter nie alles vir almal kan wees nie. Onderrig en navorsing moet voorkeur bo gemeenskapsdiens, die derde funksie van die universiteitsdosent, kry. Gemeenskapsdiens, omdat dit dikwels soveel meer sigbaar is en meestal veel meer onmiddellike resultate oplewer, kan so maklik ten koste van goeie onderrig en deeglike navorsing geskied. Gemeenskapsdiens gee ons geleentheid om meer gereeld in die gemeenskap gesien te word; om persoonlik kennis te



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

